

WinskoopToere

DROOM · LEEF · REIS

# ONS MEDITERREENSE Boottoer 2026







**FRANKRYK, ITALIË, SPANJE**

**R69,000, P.P.**

**7-18 OKTOBER 2026**

# TOER SAAM!

7 - 18 Oktober 2026

BELEEF 'N ONGELOOFLIKE MEDITERREENSE ERVARING SAAM MET Winskoop Toere

- Dag 1 Johannesburg
- Dag 2 Barcelona
- Dag 3 Peñiscola & Valencia
- Dag 4 Valencia & MSC Orchestra
- Dag 5 MSC Orchestra
- Dag 6 Livorno & MSC Orchestra
- Dag 7 Civitavecchia & MSC Orchestra
- Dag 8 Portofino, Camogli & MSC Orchestra
- Dag 9 Marseille & MSC Orchestra
- Dag 10 Tarragona & MSC Orchestra
- Dag 11 Valencia & Barcelona
- Dag 12 Johannesburg




**FRANKRYK**
HOOFSTAD: PARYS
TAAL: FRANS
GELDEENHEID: EURO(€)

**SPANJE**
HOOFSTAD: MADRID
TAAL: SPAANS
GELDEENHEID: EURO (€)

**ITALIË**
HOOFSTAD: ROME
TAAL: ITALIAANS
GELDEENHEID: EURO (€)

## VISUM- EN PASPOORTVEREISTES

VISUM: SCHENGENVISUM DEUR KROASIË.
PASPOORT: GELDIG VIR TEN MINSTE DRIE MAANDE NA JOU BEPLANDE TERUGKEER NA SUID-AFRIKA.

## WEERVOORSPELLING

22-32°C

MATIG TOT WARM MET 'N MOONTLIKHEID VAN REËN.








# Ons toerprys is R69,000 p.p. wat deel

Enkeltoeslag: R32,000 (hotelle plus enkelgebruik van 'n dubbelkajuit)
(€1 = R19.00)





| ZAR/EUR | Toerprys |
|---|---|
| R18.00 | R68,250 |
| **R19.00** | **R69,000** |
| R20.00 | R69,750 |
| R21.00 | R70,500 |

**LET WEL:**
GEEN ekstra betalings vir groepsaktiwiteite word tydens die toer van ons toerlede gehef nie.







## KYK WAT IS ALLES IN ONS TOERPRYS INGESLUIT:

- Ekonomieseklas-retoervliegkaartjie van Johannesburg na Barcelona en terug. 'n Beperkte aantal retoervliegkaartjies vanaf Kaapstad is op aanvraag beskikbaar;
- Lughawebelasting - mag toeneem a.g.v. wisselkoersverandering (tans geen);
- Gerieflike verblyf (bed en buffetontbyt) in dubbel- of twinkamers, elk met eie badkamer;
- Ses nagte aan boord die MSC Orchestra (in Balkonkajuite!). Ontbyt, middagetes, aandetes en alle vermaak is ingesluit;
- Aandetes soos gemeld in ons program of ‘n subsidie van €20 p.p. vir aandetes wat nie as groep saamgeëet word nie;
- Privaat luukse bus vir die groep (met lugverkoeling en yskas), voor en na die bootvaart;
- Fooi vir die busbestuurder: €8 p.p. en
- Twee ervare toerleiers vergesel die toer en neem met kundigheid en vriendelikheid die leiding. (Wees ook gerus: Daar is dus altyd ‘n ekstra persoon wat in geval van nood hulp kan verleen.)

## TOEGANGSGELDE VIR DIE VOLGENDE UITSTAPPIES IS OOK BY DIE PRYS INGESLUIT:

- Stadsbesigtigingstoere te voet of per bus, soos gemeld, met 'n ervare, Engelssprekende plaaslike gids in Barcelona;
- Toegangskaartjies na La Sagrada Familia in Barcelona;
- Uitstappie na ‘n wynplaas buite Frascati wat die volgende insluit: pastamaakklas, wynproe, middagete, busvervoer tussen Civitavecchia en Frascati;
- Uitstappie na Saint-Rémy-de-Provence: busvervoer vir die dag vanaf Marseilles, toegangskaartjies na Saint-Paul-de-Mausole-klooster.


La Sagrada Familia-katedraal


Peñiscola

## WAT IS NIE INGESLUIT NIE?

- Visumkoste;
- Reisversekering (LW: Sommige reisversekeringsopsies vereis dat jy dit moet aktiveer binne 24h of 48h nadat jy jou deposito aan WinskoopToere betaal het. Tree gerus met ons in verbinding vir meer inligting.);
- Middagetes;
- Drie AA-batterye vir gebruik in die radiotjies;
- Enige ander toegangsgelde en uitstappies wat jy op jou eie onderneem – volgens jou eie voorkeur;
- Fooitjies en uitgawes van persoonlike aard.

## Dag 1 - Wo. 7 Oktober 2026

### JOHANNESBURG

Ons groep vertrek vanaf O.R. Tambo Lughawe in Johannesburg na Barcelona. ('n Beperkte aantal retoervliegkaartjies vanaf Kaapstad is soms op aanvraag beskikbaar.)

**ETES EN DRANKIES INGESLUIT**





La Sagrada Familia-katedraal

## Dag 2 - Do. 8 Oktober 2026

### BARCELONA

Ons arriveer in **Barcelona** waar ons luukse bus op ons wag. Ons begin met 'n interessante stadsbesigtigingstoer per bus onder leiding van 'n plaaslike Engelssprekende gids. Hierdie toer word afgesluit by die fenominale La Sagrada Familia-katedraal (toegangskaartjie ingesluit). Werk aan hierdie katedraal het al in 1882 begin en dit word steeds nog voortgesit! Dit is een van die alleruitsonderlikste plekke om te besigtig!

Nou het jy genotvolle vrye tyd om Barcelona te verken. Jy kan na die indrukwekkende Akwarium gaan, in een van die hotelle se daktuine 'n drankie gaan drink of sommer net in die bekende straat, La Rambla, gaan rondwandel en hier en daar inkopies doen. Jy sal ook genoeg tyd hê om op jou eie in die besonderse antieke Gotiese Buurt te gaan rondloop.

Vroegmiddag neem die bus ons na ons pragtige luukse viersterhotel, geleë in 'n kusdorpie buite die stad. Hier kan jy nou heerlik tyd op die strand geniet en vanaand eet ons saam aandete in ons hotel.

**AANDETE: HOTEL**
**OORNAG: BARCELONA**



Barcelona




Barcelona

# Dag 3 - Vr. 9 Oktober 2026

## PEÑISCOLA - VALENCIA

Ons ry vanoggend al langs die kus af na **Peñiscola**. Hierdie skat van 'n klein kusdorpie met sy kasteel is 'n heerlike verrassing – op 'n skiereilandjie in die see, met pragtige loopstraatjies en -gangetjies, en oral oulike winkeltjies... Dan ry ons na **Valencia**. Dit is 'n pragtige, rustige stad met baie besonderse marmersypaadjies en statige geboue!

Valencia is baie bekend vir sy Paella en jy kan dit sommer oor die toonbank in oulike eetplekkies koop (met 'n glasie rooiwyn as jy wil!) Hier het ons almal vrye tyd en jy kan byvoorbeeld die Torres de Serranos (die oorblywende stadsmure) en die pragtige katedraal gaan besigtig. Die Beurs van Sy (waar sy verhandel is – Llotja de la Seda) is 'n baie spesiale plek en is nie ver daarvandaan nie. Moet dit nie mis nie! Later ry ons groep na die fassinerende City of Arts and Sciences waar ons gaan rondloop en die buitekant van naderby besigtig.

Vanaand wag 'n besondere ervaring op ons by La Pepica, die ikoniese paella-restaurant, waar ons 'n tradisionele aandete geniet. Ons oornag in 'n pragtige viersterhotel.

**ONTBYT: INGESLUIT**
**AANDETE: HOTEL**
**OORNAG: VALENCIA**



Valencia


Peñiscola

# Dag 4 - Sa. 10 Oktober 2026

## VALENCIA

Na 'n heerlike ontbyt geniet ons groep vrye tyd in Valencia se ou stad. Later die middag vertrek ons na Valencia se hawe waar die **MSC Orchestra** passasierskip op ons wag.

Ontbyt, middagetes, aandetes en alle vermaak is ingesluit op die skip. Al ons toerlede kry ook balkonkajuite!

Drankpakkete is beskikbaar en kan gekoop word op die skip.

**ONTBYT: INGESLUIT**
**AANDETE: HOTEL**
**OORNAG: VALENCIA**


Valencia

# Dag 5 - So. 11 Oktober 2026

## MSC ORCHESTRA

Ons spandeer die dag op die pragtige Meditereense Oseaan aan boord die MSC Orchestra.

Jy kan nou lekker ontspan of deelneem aan die vele aktiwiteite wat hul op die skip aanbied. Ons geniet as groep saam aandete op die skip.

**ONTBYT: INGESLUIT**
**AANDETE: AAN BOORD**
**OORNAG: AAN BOORD**


MSC Orchestra


Livorno


Livorno

# Dag 6 - Ma. 12 Oktober 2026

## LIVORNO

Na 'n goeie nag se rus en 'n smaaklike ontbyt is die eerste stad wat ons passasierskip besoek, **Livorno**.

Livorno spog met verskeie historiese monumente – die ou vesting, die nuwe vesting en die Marzocco-toring – wat die fascistiese afbrekings en Geallieerde bombardering oorleef het.

Die stad is 'n uitstekende beginpunt vir 'n verkenning van die Toskaanse kos- en wynkultuur: vars vrugte en groente, tipiese geregte uit die tradisionele see- en landkombuise, en natuurlik wynsoorte soos Chianti en Brunello di Montalcino. Na 'n heerlike dag in Livorno keer ons op die afgespreekte tyd terug na die hawe. Ons geniet aandete aan boord die MSC Orchestra.

**ONTBYT: INGESLUIT**
**AANDETE: AAN BOORD**
**OORNAG: AAN BOORD**


Toskaanse kos en wyn

## Dag 7 - Di. 13 Oktober 2026

### CIVITAVECCHIA

Die hawe van **Civitavecchia** is een van die grootstes in Italië.

Civitavecchia het 'n stokou geskiedenis te danke aan die inhamme langs die kus, wat 'n perfekte skuiling vir skepe gebied het, en dit 'n natuurlike hawe maak. In Civitavecchia kan jy maklik die middestad te voet verken. Onder die belangrikste monumente om te besoek is die Forte Michelangelo (gebou deur Bramante in die 16de eeu), die antieke mure van die ou hawe (waar daar 'n fontein van travertynmarmer deur Vanvitelli is), en die "Rocca" ('n ondeurdringbare vesting wat al meer as 'n duisend jaar oor die stad en hawe uittroon).

Ons geniet aandete aan boord die MSC Orchestra.

**ONTBYT: INGESLUIT**
**AANDETE: AAN BOORD**
**OORNAG: AAN BOORD**


Civitavecchia


Camogli


Portofino

## Dag 8 - Wo. 14 Oktober 2026

### CAMOGLI, PORTOFINO

Vandag geniet ons groep 'n heerlike uitstappie deur MSC wat die hart en siel van die mees elegantste vissersdorpies in die Liguriese Riviera tot lewe bring. Vanaf die blou water tot die historiese dorpies ontvou die ryk verlede en unieke karakter stap vir stap.

Ons spring by **Camogli** weg, 'n kleurvolle klein vissersdorpie vol karakter. Ons geniet vrye tyd en jy het die geleentheid om die geskiedkundige stadskern te verken.

Hierna vaar ons na **Portofino**, 'n prentjiemooi dorpie. Die pastelkleure, bootjies wat in die hawe lê en dobber, oranje, rooi en pienk dorsphuisies in die baai en ryk geskiedenis sal jou bekoor!

Ons vaar verder na Santa Margherita Ligure, waar palmbome en huisies by die see jou verwelkom, hier geniet jy vrye tyd om rustig deur die dorpie te wandel.

Verryk deur 'n dag vol kultuur, geskiedenis en Italiaanse lewenslus keer ons terug na die MSC Orchestra en geniet aandete aan boord.

**ONTBYT: INGESLUIT**
**AANDETE: AAN BOORD**
**OORNAG: AAN BOORD**


Santa Margherita Ligure

## Dag 9 - Do. 15 Oktober 2026

### MARSEILLE

Ons besoek vandag die pragtige **Marseille**. Die stad wat 2 600 jaar gelede deur Griekssprekende Phocaeërs gestig is, is Frankryk se oudste stad en bekoor besoekers al eeue lank.

Die terracotta-dakke, turkoois see, kalksteenrotse en lewendige straatkuns vorm 'n prentjie soos geen ander.

Marseille is bekend vir sy diverse kulture wat weerspieël word in sy taal, kos, musiek en tradisies. Marseille is ook baie bekend vir die seep (Savon de Marseille) wat hier al vir oor die 600 jaar geproduseer word. Dit word spesifiek met Mediterreense seewater, olyfolie en alkaliese as van seeplante gemaak. Ons geniet 'n heerlike dag van vrye tyd en eet later aandete aan boord die MSC Orchestra.

**ONTBYT: INGESLUIT**
**AANDETE: AAN BOORD**
**OORNAG: AAN BOORD**

**STADSTOER MET GIDS**




## Dag 10 - Vr. 16 Oktober 2026

### TARRAGONA - BARCELONA

Vandag neem ons afskeid van die elegante MSC Orchestra in **Tarragona**. Met aankoms ontmoet ons ons luukse bus en vertrek saam met 'n plaaslike gids om hierdie historiese kusstad te verken.

Tarragona se ryk Romeinse erfenis kom tot lewe tydens ons besoek aan die indrukwekkende amfiteater, dramaties geleë bo die Middellandse See. Daarna is daar tyd om op eie pas deur die stad te wandel, die atmosfeer in te neem en heerlik rond te loop of inkopies te doen.

Na ons tyd in Tarragona vertrek ons per bus verder na Barcelona, waar ons reis voortgaan. Ons geniet vanaand 'n spesiale afskeidsete in Barcelona.

**ONTBYT: INGESLUIT**
**AANDETE: BARCELONA**
**OORNAG: BARCELONA**

**STADSTOER MET GIDS**






## Dag 11 - Sa. 17 Oktober 2026


### BARCELONA

Vandag geniet elkeen die laaste oomblikke in Barcelona teen eie tempo. Die dag is oop vir vrye tyd om nog 'n bietjie van hierdie lewendige stad te ervaar — dalk vir laaste inkopies, 'n rustige koffiestop in 'n plaaslike kafee, of 'n laaste wandeling deur 'n gunsteling buurt.

Dit is ook 'n ideale geleentheid om een van Barcelona se ikoniese Gaudí-besienswaardighede te besoek, soos Park Güell met sy kleurvolle mosaïeke en panoramiese uitsigte, of Casa Batlló en Casa Milà (La Pedrera) — twee van die stad se bekendste modernistiese meesterwerke.

In die laatmiddag vertrek ons per bus lughawe toe, waar ons ons vlug huiswaarts neem — verryk deur onvergeetlike ervarings en kosbare herinneringe.

**ONTBYT: INGESLUIT**
**AANDETE: HOTEL**


Barcelona


Barcelona


Park Güell, Barcelona


Barcelona

## Dag 12 - So. 18 Oktober 2026

### JOHANNESBURG

Ons arriveer terug in Suid-Afrika, vervul met nuwe ervarings, herinneringe en lewenslange vriende.

**WinskoopToere behou die reg om die prys en toerprogram te wysig.

**ETES EN DRANKIES INGESLUIT**











# KLIEK HIER OM TE BESPREEK

OF BESOEK ONS WEBTUISTE VIR MEER INLIGTING

★★★★★

"'n Toer met geen versteekte onkostes is 'n WinskoopToer! WinskoopToere "speel in 'n ander liga" en sal nie geklop kan word nie!"

- *Francois Minnaar*

"Ek en my suster het die Meditereense toer na Spanje, Italië en Frankryk gedurende Oktober 2025 baie geniet! Ons tyd saam met die WinskoopToere-groep was heerlik!

- *Nijinka Botes*










Ems: +27 83 637 1542
Sarisna: +27 83 637 1642

WinskoopToere
DROOM · LEEF · REIS

droom@winskooptoere.co.za
www.winskooptoere.co.za